

**Skriflesing:** Romeine 1:16,17; 3:21-31

**Teks:** Romeine 3:21-24

**Kategismus:** Sondag 23

**Sing:** Ps. 146:1,8 Ps. 89:1,15 Ps. 33:1,2

**Rom 1:16** Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.

**Rom 1:17** Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

**Rom 3:21** Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig,

**Rom 3:22** die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;

**Rom 3:23** want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,

**Rom 3:24** en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.

**Rom 3:25** Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God

**Rom 3:26** om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.

**Rom 3:27** Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof.

**Rom 3:28** Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

**Rom 3:29** Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene,

**Rom 3:30** aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof.

**Rom 3:31** Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.

### **Kategismus- Sondag 23**

#### **59 Vraag: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?**

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).

(a) *Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36.*

#### **60 Vraag: Hoe is jy regverdig voor God?**

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.

(a) Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal 2:16; Ef 2:8, 9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (e) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (f) Rom 3:24; Ef 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) 1 Joh 2:1. (i) 2 Kor 5:21. (j) Rom 3:22; Joh 3:18

**61 Vraag: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?**

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).

(a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10.

**Skriflesing:** Romeine 1:16,17; 3:21-31

**Kategismus:** Sondag 23

Teks: **Romeine 3:21-24**

**Sing: Ps. 146:1,8 Ps. 89:1,15 Ps. 33:1,2**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Verlede keer het ons die opstanding van die liggaam na 'n ewige lewe bely. Die heerlikheid van die ewige lewe is beskryf as 'n *saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie*. Saam met die belydenis kon ons hoor, hier is nou 'n afsluitingspunt. Die afsluiting van die lewe op aarde, die begin van 'n lewe om God ewig daarin te prys. Na die wonderlike beskrywing van die saligheid waarvan ons die begin van die ewige vreugde nou alreeds kan besit, is daar nou sprake van die **alles. Maar wat baat dit jou dat jy dit alles glo?**

Dis asof die grootheid van dit wat God vir ons doen, te groot raak. Kan dit alles waar wees? Dit maak Sondag 23 'n hoogtepunt in die Kategismus. Sondag 23 wil as ons belydenis die oortuiging neerlê wat uit u eie hart en mond moet kom dat alles wat ons tot nou toe bely het, is waar, dit is die werk van God. God wat die onmoontlike moontlik maak. Dit wat vir ons onmoontlik was, die grootheid van alles wat God my bied, dit word nou moontlik deur die geloof alleen. God wat alles werk, het vir my geloof geskenk. Dis asof die belydenis nie uitgepraat kan raak oor wat geloof is nie. Hier is 36 vrae en antwoorde in ons belydenis wat oor die geloof handel. In Sondag 7 het ons oor die noodsaak, die wese en die inhoud van die geloof gehandel. As ons op die drumpel van die ewige lewe neergesit word, dan moet ons weereens verstaan dis alleen ook net deur die geloof moontlik. Die geloof maak my regverdig voor God. Die geloof maak my 'n erfgenaam van die ewige lewe.

\*\*\*

Alleen net die geloof. Job se vriende wou dit nie aanvaar nie, want hulle kon dit nie verstaan nie. Hulle glo Job moes 'n groot sonde gedoen het, daarom is daar geen regverdigheid vir Job voor die Here nie. Daarom dat Job alles verloor het. Hulle takel vir Job die een na die ander en Job moet al hoe harder stry om sy regverdigheid voor die Here te probeer bewys. En dan moet Job self ingee. In homself bly daar niks oor nie. Die stukkende man op 'n ashoop. 'n Potskerf lyk na sy enigste besitting wat hy oorgehou het. En tog, dan begin die geloof deurwerk. Job moet besef, die geloof wat van God afkom, is sy enigste behoud. Die Here wys eers vir Job sy grootheid in die skepping, om die grootste bate wat die Here vir Job geskenk het uit te wys, nl. sy geloof. Al het Job alles verloor, maar as die geloof oorbly, dan is dit so goed alles het vir Job oorgebly, hy het niks verloor nie. Hy het nog die geloof, hy sal alles weer terugontvang, alles kom van die Here af deur die geloof wat van die Here afkom.

\*\*\*

Broeder en suster, dit is die geloof wat ons voor God regverdig maak. Ek wil hê u moet weereens saam met my 'n pad deur die Romeine-brief stap, dan sien u hoe die geloof alles werk. Romeine 1:16,17 word algemeen aanvaar dat hier het ons die tema verse waaroor die hele Romeine-brief handel. In 'n neutedop word die evangelie vir ons in die twee verse saamgevat. *Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Die rede, die oorsaak, die oorsprong van dit alles, staan in vers 17, ingelei met die woordjie, **want.***

So word die vers, die sleutel verklaring wat die hele Romeine-brief vir ons oopsluit.....*Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe...* As daar staan die *geregtigheid van God word daarin geopenbaar*, dan het dit in die vers niks daarmee te doen dat God regverdig is nie. Die deug van God se regverdigheid word nie hier aangespreek nie, maar dit gaan hier om die mens, om ons regverdig wees voor God. Dit is wat geopenbaar word. En wanneer die grond van ons regverdig wees voor God opgestel word, dan staan daar dit is uit die geloof tot die geloof. Hier het ons met die direkte vertaling van 'n Griekse idioom te doen. Wanneer die Grieke sê, iets is uit die saak tot die saak, dan bedoel hulle, dit is enkel en alleen net die één saak wat ter sprake is. Daar kom niks by nie! Die kernboodskap sê vir ons, dis enkel en alleen, van die begin tot die einde, geheel en al, net die ware geloof wat tel.

Dan volg die aanhaling uit Habakuk 2:4 – *Die regverdige sal uit die geloof lewe.* Hier moet ons weereens ons koppe bymekaarhou en ons oë oophou, want al staan die aanhaling net so

uit die Ou Testament oorgeskryf, is hier nou 'n ietwat ander boodskap hieraan verbind. Habakuk het sy eie lewe, sy eie omstandighede, bedoel, by Paulus is die bedoeling die lewe wat van God afkom. Die ware lewe, die lewe waar dit werklik op aankom. Ingesluit die toekomstige ewige lewe. In Habakuk wou hy vir die volk daarop wys dat hulle nie-net daarby moet leef wat hulle oë sien, die ellende en die swaarkry nie, maar die regverdigheid van God lê vir sy volk Israel in die onsigbare dinge, die geloof en die hoop en die beloftes wat van God afkom. In Romeine het die hoop en die beloftes in Christus reeds aangebreek. In Romeine gaan dit nie om die vraag rondom God se regverdigheid soos by Habakuk nie, maar dit gaan om ons regverdig wees voor God. Ons is nou voor God geregverdig, enkel en alleen, omdat ons glo. Die geloof werk nie net met die hede nie, maar ook met die toekoms. Uit die geloof sal ons lewe!

\*\*\*

As Paulus in sy brief aan die gemeente in Rome klaar die tema verse aangekondig het, dan gaan hy dadelik hof toe. Die feit dat die mens enkel en alleen uit die geloof sal lewe, wil hy nou vanuit 'n hofsaak bewys. Die hofsaak-motief is buitendien hier nie iets nuut nie. Jesaja 42-43 en ook die profesie van Miga is in so 'n hofsaak styl geskryf. Die hofsaak styl wat in Romeine uitkom, is beslis goddelike wysheid, want al die juridiese terme, die taal van die hof, is beslis die taal wat die mense in Rome die beste ken. Ons gebruik nie verniet vandag nog die Romeinse regstelsel nie. So goed het die stelsel hom deur en deur bewys dat Paulus al by die stelsel kon aansluit.

In 'n Romeinse hofsaak soos ook by ons vandag nog die geval is, staan daar eerste die aanklag. Wanneer die klagstaat opgestel is dan is daardie geleentheid tot verweer. Wanneer die verweer gelewer is dan kom die uitspraak met die vonnis.

\*\*\*

In Romeine 1:18 begin die Here met sy aanklag; daar word nou 'n klagstaat opgestel. Die klagstaat begin baie breed in die algemeen. Die Here se klag begin om te wys op die natuur wat op sigself as 'n mag, 'n heidense mag vereer word, in pleks dat Hy die enigste Skepper van die natuur die eer ontvang (vv20,21). Daarna begin die klag van die Here nouer trek. Hy begin praat van die mense se stomme afgode. Die beelde en selfs die diere wat die mense vereer en aanbid (v23). Dan word die klag nog nouer getrek. Die Here wys op die verval van die mens self. Die mens se val loop baie keer deur sy sedes. Dis vandag nog die geval. Die Here wys op die seksuele perversie. Die algehele seksuele verwildering staan hoog op God se klagstaat. Die homoseksueles, die lesbiërs, hulle wat wild wil wees, die Here wil vir hulle

wys dat die gewildheid van hulle dade baie wild kan raak, as jou dade jou begin inhaal wat 'n doodsreuk dra (vv26,27).

Dan wanneer die klagstaat verder geskryf moet word, dan begin daardie gesprek met die Jood, wat homself wou verskoon (2:17). Die denkbeeldige Jood wil homself op grond van die klagstaat so vêr verskoon, want redeneer hy, hy is nie aan die aanklagte in hoofstuk 1 skuldig nie. Die Here trek die Jode, daardie ou volk van Hom vinnig by. Hulle is nie bo God se regspraak verhewe nie. Al het hulle die Wet en hulle ken die Wet en is daar selfs leermeesters van die Wet, is dit juis die Wet wat hulle aankla.

Die hof hoor dat alle mense op God se klagstaat staan. Die Here gaan nou oorgaan tot die geleentheid om verweer aan te hoor. Die mens kan nou sy saak voor God stel. En dan die opmerklieke in hoofstuk 3:19. Die mens moet praat, maar hy kan niks sê nie. *Sy mond is gestop*, m.a.w. hy staan met 'n mond vol tande. Nie 'n enkele woord nie, ons is skuldig, daar is eers niks waarteen ons ons kan verweer nie. Die verweer in die hofsaak kan nie plaasvind, want daar is niks waarop die mens hom kan beroep nie. Algeheel skuldig, *doemwaardig*, staan daar ook in vers 19.

In vers 10-18 het die aanklagte in hulle duidelike samevatting uitgekome. Die mens is geheel en al onregverdig (v10), onverstandig (v11), goddeloos (v12), ons kele is die oop grafte waarbinne ons almal tuishoort (v13), so werk ons monde (v14), ons voete (v15), ons hande (v16), ons weet nie wat vrede is nie (v17) en om alles te kroon daar is nie vrees vir God nie! (v18). Die kans vir verweer gaan verby! Hier sal uitspraak gelewer moet word. 'n Vonnis sal moet gefel word. Die alwetende Regter sal alles Self doen. Hy wat die hele klagstaat voor Hom het. Dit lyk die oomblik van die finale beslissing het nou aangebreek. Dit lyk of die uitspraak maar net 'n formaliteit behoort te wees. Geheel en al skuldig. Die vonnis onafwendbaar. Die dood, die ewige dood vir jou vervloekte sondaar.

\*\*\*

Gemeente dan begin die magtigste twee woordjies in hierdie brief denkbaar, die woorde **Maar nou.....!** Wat lê net-nie in hierdie twee woorde opgesluit nie? Na alles wat gesê is, die skuld wat volkome bewys is, die mens wat geheel en al doemwaardig voor God staan, dodelik skuldig, koms vers 21 met die uitspraak wat die alwetende Regter gaan lewer. . Hy begin met, *maar nou....* God lewer uitspraak, maar broeder en suster, hoor wat sê die Here na alles wat Hy gesê het....na alles wat met die klagstaat gestaaf kan word. Ek vind jou

onskuldig! Vir u en my sê die Here – “Ek vind jou onskuldig”. Begryp u nou die mag van God sê maar *nou*? Daar staan ons regverdigheid, daar staan die lewe in God se maar *nou*! Wanneer die vonnis gefel moet word, nadat die uitspraak gelewer is, dan is die vonnis, die lewe. JULLE SAL LEWE. Om Jesus wil – Die lewe!

Die lewe wat vanaf hoofstuk 5 in al sy trekke vir ons geteken word. Die hofsaak val nou saam met wat in hoofstuk 1 al vir ons gesê is – *Die regverdige sal uit die geloof lewe....* Die doodsvonnis wat ons verdien, word ’n lewensvonnis deur God sê maar *nou*. Die tema van die Romeine –brief is in die hofsaak bewys – DIE MENS WAT REGVERDIG VERKLAAR IS UIT DIE GELOOF SAL LEWE.

\*\*\*

Hierdie is vir ons die bewys van ons belydenis. God verklaar ons onskuldig enkel en alleen op grond van die geloof in Jesus Christus. Jesus is God *MAAR NOU....* Jesus is ons *MAAR NOU*. In beide het ons te doen met God die Vader, sê *NOU*. Nou gaan gebeur dit wat God so lank belowe het. Dit is wat hierdie belydenis in Sondag 23 vir ons besonders maak. Tussen God se regverdige uitspraak – volkome skuldig en God se ongelooflike uitspraak – heeltemal onskuldig, staan eintlik net die twee klein woordjies *MAAR NOU*.

Die woorde is in Jesus saamgevat. Hy het God se *maar nou* swoegend uitgesweet en uitgebloei? As u deur die Heilige Gees hierdie belydenis in Sondag 23 aan u hart kon bind, as u dit vir uself kon hoor sê – Ek is regverdig voor God, ek sal lewe, dan is God se maar nou, ook u nou. Want dan het u die geloof wat die begin en die einde van alles is. U staan dan geregverdig voor God. Die verlossings – nou van God het dan jou nou geword, want die geloof het van God na jou gekom. Dan sal die Here wat gaan regsprek vir u sê – jou sonde is vergewe, Ek vind jou onskuldig. Engele, mense, demone sal dit hoor.

AMEN